FYFANON 440 EW

Registration No. / Registrasie nr. L9484 Act / Wet 36 of/van 1947

An oil in water emulsion contact and stomach insecticide for the control of pests as indicated.	'n Olie in water emulsie kontak en maag insekmiddel vir die beheer van plae soos aangedui.

INSECTICIDE GROUP CODE	**1B**	**INSEKDODERGROEPKODE**

Active ingredient: **Aktiewe Bestanddeel:**
Mercaptothion (organophosphate) ..... 440 g/ℓ .....Merkaptotion (organofosfaat)

Net volume ..... ℓ .....Netto volume

Registered by / Geregistreer deur:
FMC Chemicals (Pty) Ltd
Post Box 44
Postnet Menlyn
Waterkloof Glen
0181

For any emergency or poisoning contact:
Griffon Poison Information Centre (24 hrs)
+27-(0)-82-446-8946

Batch Number		Lotnommer
Date of Manufacture		Vervaardigingsdatum

UN number/ VN nommer: 3082

Copyright © FMC, All rights reserved. ® is a trademark of FMC Corporation or an affiliate.

WAARSKUWING:

MOENIE DIE GEWAS OES OF PLANT MATERIAAL AAN DIERE VOER VOOR DIE VOLGENDE MINIMUM AANTAL DAE NA DIE LAASTE TOEDIENING VERLOOP HET NIE.

Gewas	Minimum aantal dae
Tamaties	1
Rissies	3
Bone, sitrus, koolgewasse, pampoengewasse, granadillas	7
Perkes, pruime, appelkose, appels, pere, koejawel	10

LET WEL: Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes sal verseker dat die plaaslike Maksimum Residu Limiete nie oorskry word nie maar die invoer toleransies van andere lande mag moontlik oorskry word. As die gewas wat behandel gaan word vir uitvoer is, raadpleeg die invoerder of uitvoerliggaam oor die gebruik van die produk, Maksimum Residu Limiete en aanbevole onthoudingsperiodes.

- Hanteer konsentraat versigtig
- Giftig vir visse en bye
- Berg in 'n koel, droë plek weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetreding:** moenie die behandelde boord betree binne 24 ure na bespuiting, behalwe as beskermende klere gedra word nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing, of vir nadelige effek op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Dra rubberhandskoene en gesigskerm wanneer die konsentraat hanteer word. Indien dit in u oë kom, spoel onmiddellik uit. Indien dit op u vel kom, was dit dadelik af. Indien dit op u klere mors, trek uit en was dit.
- Vermy kontak met die spuitstof sover moontlik tydens toediening. Vermy oorwaai van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere of damme.
- Maak toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik en gooi waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Na toediening trek werksklere uit en was dit. Was uself.
- **SPOEL LEË HOUER** drie keer as volg: keer die leë houer oor die spuit- of mengtenk om en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer na mekaar met een kwart van die houervolume vars water en giet die spoelwater in die spuittenk of mengtenk oor. Kap gate in die drie-keer gespoelde houer waarna dit aan ‘n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za). Moet nie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

MENGINSTRUKSIES: pH van die spuitwater

- Die effektiwiteit van **FYFANON 440 EW** kan verminder word deur baie harde water (> 1000 dpm opgeloste stowwe) en deur water met 'n hoë pH-waarde. Wanneer **FYFANON 440 EW** gebruik word, sal die optimale werking daarvan verkry word in water van ‘n pH 4,5 - 5,5. Water van 'n hoër of laer pH moet met ‘n geskikte geregistreerde buffer gebuffer word. Voeg eers die buffer by die spuittenk voor die **FYFANON 440 EW**.
- Gebruik die spuitmengsel sonder versuim en moet nie toelaat om te staan vir lang periodes nie.

TOEDIENING:

Maak seker dat die spuitapparaat in ‘n goeie werkende toestand en korrek gekalibreer is voor toediening.
Bereken die benodigde spuitvolume om bome behoorlik nat te maak by volblaarstadium dmv. gebruik van die Boom Ry Volume (BRV) formule –

$$\text{Water behoefte } \ell/\text{ha} = \frac{\text{boom hoogte x boom deursnee x 937}}{\text{ry wydte}}$$

Die BRV is die volume water nodig vir bome in volblaarstadium. Die volume wat toegedien moet word is afhangende van die groeistadium van die boord en moet volgens die aangaande tabel aangepas word;-

Groeistadium (GS)	% van die Hoë Volume water behoefte afhangende van die GS
Groentip tot 30% blom	60%
Volblom tot middel November	80%
Begin Desember	100%

Maak gebruik van die watervolume per hektaar om die hoeveelheid **FYFANON 440 EW** in die spuittenk te bereken en dien daarna toe as ‘n hoë volume (HV) voldekbespuiting (1,500 – 3,000 ℓ/ha) en verseker deeglike bedekking van die volle boom insluitent die boonste gedeelte.

VERENIGBAARHEID: Hierdie produk sal nie met alkaliese produkte verenigbaar wees nie.

AANBEVELINGS:

GEWAS / SIEKTE	DOSIS / 100 ℓ Water	OPMERKINGS
SITRUS Rooidopluis (*Aonidiella aurantii*)	340 mℓ	Gebruik vir ligte besmettings. Dien toe teen 80 - 100 % blomblaarval as 'n voldekbespuiting. Volgroeide bome moet eenmaal bespuit word en indien nodig, gewoonlik in die geval van jong bome maak 'n tweede behandeling 6-8 weke later.
SITRUS Plantluis (*Toxoptera citricida*)	340 mℓ	Dien toe as 'n hoë volume voldekbespuiting op nuwe plantgroei wanneer plantluise voorkom.
SITRUS Witluis (*Planococcus citri*)	340 mℓ	Dien toe as 'n hoë volume voldekbespuiting wanneer die plaag verskyn. Herhaal die toediening 2-3 weke later
NOTA: Sal ook Sagte bruindopluis, Mosseldopluis, Blaaspootjies en Australiese luis beheer, indien teenwoordig.		

GEWAS / SIEKTE	DOSIS / 100 ℓ Water	OPMERKINGS
SITRUS Vrugtevlieg (*Ceratitis capitata)*	200 mℓ + 8kg suiker or 500 mℓ proteïen hidrolisaat	Dien die lokaas toe as 'n growwe bespuiting in 200-300 liter spuitmengsel / ha. Behandel elke ry of boom op minstens een kant. Herhaal die toedienings op 'n weeklikse basis en na reën. Proteïen hidrolisaat: Om optimale aantrekkingskrag van vrugtevlieë te verseker, is die koers gebaseer op 'n minimum van 800-1000 m ℓ proteïen-gebaseerde produk / ha.
BONE		
Plantluise	140 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting
Blaaspootjies	200 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting. Herhaal na 10-14 dae.
RISSIES		
Plantluise	140 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting. Sal ook Bontmieliekewer beheer.
Blaaspootjies	200 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting. Sal ook Bontmieliekewer en Plantluise beheer.
TAMATIES		
Plantluise	140 mℓ	Dien toe as 'n vodekbespuiting wanneer die plaag opgemerk word en herhaal soos nodig.
Blaaspootjies	200 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting wanneer nodig.
APPELS & PERE		
Plantluise Bryobiamyt Appelbloedluis	140 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting wanneer plaag opgemerk word
Witluise	140 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting en herhaal wanneer nodig. Dit word aanbeveel dat nie meer as 3 bespuitings word toegepas in 'n seisoen nie.
STEENVRUGTE		
Plantluise	140 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting
Bryobiamyt	140 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting wanneer plaag opgemerk word
Witluis	140 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting. Herhaal 2-3 keer met tussenposes van 2-3 weke. Dit word aanbeveel dat nie meer as 3 bespuitings in 'n seisoen gemaak word nie.

KOOLGEWASSE Ruitrugmot en Groter kool mot ruspes	280 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting wanneer 'n besmetting voorkom. Maak seker dat die onderkante van die blare ook deur die spuitstof gedek word. Herhaal wanneer nodig. Hierdie behandeling sal ook plantluise beheer.
PAMPOENGEWASSE		
Liewenheersbesies	140 mℓ	Dien toe wanneer benodig word en verseker dat die onderkante van die blare benat word. Is nie van toepassing wanneer die plant oppervlaktes nat is nie.
Pampoenvlieë	200 mℓ + 8kg suiker	Lokaas behandeling: Dien toe sodra die eerste blomme verskyn as 'n growwe bespuiting in 35-40 ℓ spuitmengsel / ha toe en gaan voort totdat die vrug ryp word. Op klein persele herhaal bespuitings twee keer 'n week en op groter erwe herhaal weekliks. Herhaal bespuiting na reën.
GRANADILLAS		
Pampoenvlieë	200 mℓ + 8 kg suiker	Dien toe as 'n growwe druppelbespuiting tweemaal per week.
Blaaspootjies	200 mℓ	Dien toe wanneer die plaag verskyn
Rooidoppluis, persdopluis, Sagtedopluis, Witdopluis	280 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting soos nodig
KOEJAWEL Dopluis	280 mℓ	Dien toe as 'n voldekbespuiting wanneer die plaag voorkom.